



TOULEIER



Ons leer moeilik aan die Spaanse taal

Hoofstuk 3 Deel 12

Ignacio gebruik elke oomblik om ons te begin slyp vir die nuwe taal. Soos met elke nuwe land waarheen ons gaan, het ons nou wel die Lonely Planet se boekie oor Chili gekoop en elkeen 'n bandopname met 'n vinnige kursus in basiese Spaans aangeskaf, maar dit help jou net met die eerste paar woorde of twee, dan haak mens vas.

Beduie maar verder met die hande en wys na dinge. Ek oordryf nie as ek reken 90% van die Chileense bevolking praat net een taal, Kasteleins. Hulle weergawe van die woord is Castellano, het 'n dubbel el, en word uitgespreek as *kaste-janou*. Die dubbel el word as die letter J gebruik.

En, sou ons gou uitvind, die J word weer soos die G uitgespreek. Julio is dus Goelie-ou. Ek het ook nooit geweet die Gallo op die plate van ouds is Spaans vir hoenderhaan nie. Uitgespreek: Ghajô. Maak sin nè, want dié platemaatskappy het mos altyd 'n 'Ghajou' as embleem gehad.

Santiago is die hoofstad van Chili en 50% van die bevolking woon en werk daar. Dit lê in 'n kom en gevolglik sukkel hulle vreeslik om van hul lugbesoedeling ontslae te raak.

Laatmiddag is al ons papierwerk in orde en word ons tweetjies pens en pootjies op 'n luukse bus gepak, rigting Salamanca, 'n dorpie in die Norte Chico, ofte wel Klein Noorde, 6 ure se ry van Santiago.

Ignacio klim nie op nie, hy het nog sake om af te handel op hoofkantoor. Moenie worrie nie, paai hy, daar is net een hotel op Salamanca en hulle verwag julle. O wee, hier gaan ons, stoksiel alleen verder die vreemde in.

In 'n atlas sal jy sien dat Salamanca 'n skrale 200 km noord van die hoofstad Santiago is, maar moenie dat dit jou bluf nie. Dit neem mens ses ure daarheen per bus. Nie dat die bus stadig is nie, intendeel, hy is tot toegerus met 'n TV – een wat werk. Dis net dat hy soos 'n melktrein somer enige plek langs die pad stop om mense op of af te laai.

Die vele stoppe maak die land net nog langer voel. Chili is die langste en sekerlik ook die smalste land in die wêreld. Op sy smalste is hy maar net oor die 80 kilometer breed.

Die mense het ons aangeraai om liewer in Illapel blyplek te soek. Dis so 30 km voor Salamanca en drie keer groter as die dorpie van die hekse, soos Salamanca alombekend staan.

Maar ek het klaar besluit ek wil vir kamermaatjie so na as moontlik laat bly aan die projek in die berge. Toe ons laasnag met die bus deur Illapel ry, wil kamermaatjie begin huil. As hierdie dorpie met sy modderhuisies so verflenter lyk en hy is veronderstel om die beter keuse te wees, wat van 'n nagmerrie lê vir ons voor in Salamanca?

Hoe lank gaan ons oorleef in sulke gehuggies!

Kort na middernag kom ons in Salamanca aan. Die dorpie is donker en doodstil. Wonder bo wonder is daar 'n taxi by die bushalte en ons wys hom die hotel se naam op 'n stukkie papier. Drie minute later laai hy ons voor groot staalhekke in 'n nou straatjie af en lui die klokkie teen die muur vir ons. Hulle het ons darem verwag en gou is ons in 'n redelik gemaklike kamer met selfs 'n en suite-badkamer.

'n Uur later daag die myn se voertuig op en hulle beduie ek moet klim en Annabelle net so daar los. Sy heel op haar eie en ek die nag en die berge in.

Hennie Greeff

UITGEWER
Onrusrivier

Om die kampvuur

Die skatkis van Afrikaans

Vergelykings uit die skatkis:

Hol wange soos 'n toegeslane brood.
 Hol toonnaels soos 'n soplepel.
 Plooigesig soos 'n mofskaap.
 Deurskynore soos 'n vlakhaas.
 Knopneus soos 'n bakoond.
 Stem soos 'n koffiemeule.
 Uistaanboude soos 'n trolliestoter.
 Wegstaantande soos 'n stalvurk.
 Skurwe hakskene soos 'n vleipatat.
 Leepoë soos 'n brandsiek brommer.
 Afdraandgesig soos 'n wasklip.

Spekskiet

= oordryf, grootpraat, lieg

Uit die Nederlands *speck schieten* (1612) wat verwys na vetkoeëls wat na vyandelike skepe geskiet is. Die koeëls was nie juis vlambaar nie, maar het vreeslik gestink.

GRIEKWA-AFRIKAANS

Ek slat my twee oge op;
 My kyk vang die verste kop
 Waarvanaf sal my hulp nou kom?
 My hulp is vannie Jirre, van Hom.
 Hy't nou jimmel en Prieska gekom maak.
 Sonner lat jou voet klippers raak,
 Is Hy skoene agterrie skaap
 Sontyd is Hy hoed op jou kop.
 Innie nag hou hy gevaarlikheid dop
 Hy's mos nou da om jou op te pas.
 Jou siel hou Hy tussen ribbes vas.
 Gan jy nou in of gan jy nou yt,
 Hy's oor jou vir ewig an vir altyd.

KWATRYNE

Die skoorsteen sonder rook
 o, die skoorsteen sonder rook
 want alwat in die ou huis bly
 is net 'n afkop-spook . . .

Die ouvrou het getoor
 o, die ouvrou het getoor:
 Die kind het in die nag geloop -
 toe trap sy wolf se spoor.

Die swart hond knor en blaf
 o, die swart hond knoren blaf
 maar niks roer in die maanlig daar
 en 'n kat loop oor my graf.

Die pad loop met 'n draai
 o, die pad loop met 'n draai.
 Die dood sit op 'n ysterpaal
 in die vere van 'n kraai . . .

Is dit nie ôsim nie?

Vertalings vir "awesome":

Verruklik, voortreflik, manjiefik, verhewe, besonders, aandoenlik, roerend, wonderbaarlik, asemrowend, majestueus, imponent, salig, inspirerend, indrukwekkend, asembe-newend, groots, treffend, keurig, skitterend, sierlik, verklik, meesterlik, geluksalig, swierig, skilder-agtig, sprokiesagtig, glansryk, verheffend, grasieus, aanskoulik, fraai, luisterryk, formidabel, weids, bekoorlik, kolossaal.

Gaan nou heen en sondig nie meer nie.



Waar kom spanspek vandaan?

Lady Juana Smith was geliefd oral waar sy gegaan het en haar naam leef in Suid-Afrika voort in die vrug spanspek. Haar man, Sir Henry Smith (wat verkies het om Harry genoem te word) was die Britse kroon se goewerneur van die Kaapprovinsie, waar hy en sy vrou baie gewild onder al die bevolking was. Die legende lui dat hy baie lief was vir speken eiers vir ontbyt. Lady Juana het weer niks daarvan gehou nie en het "cantaloupe melons" verkies. In die Smith-huishouding het dit gou bekend gestaan as "Spanish bacon" of Spaanse spek. Dis glo hoe die vrug die naam "spanspek" gekry het.

Duskantlander in Anderkantland

Opgeneuk en aan die sing

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

Dis 1976, ek's 'n haasbek sewejarige met bokstertjies en ons woon in 'n grasdakhuis in Lyttleton in die Jakarandastad, met 'n pruimboom in die tuin. Saans kook my ma twee emmers water vir 'n bad vol water. Dan jaag sy onse drie deur die bad voor die water koud word. Ek skool by juffrou De Wet in Fleur Laerskool. Sy's kwaai en nie so mooi soos my ma nie. Als is eenvoudig, oom Neil het op die Maan geloop en die lewe is 'n lied. My Ma slaat my gat aan die brand want my perske-bloeielskroon verstop die badwater se uitloop.

My pa is 'n superheld want hy het 'n televisie in die sitkamer kom neersit. Ons stoei onder mekaar vir die beste plek op die mat. Lank voor sesuur sit ons blinkgeskrop in pajamas soos drie groen ertjies ingeryg op die mat en asem ophou sodat die programme kan begin. Die lewe is fantasties; Elvis ruk-en-rol en almal leer 'n paar woorde Engels en om te 'jive'. Juffrou De Wet stuur 'n briefie huis toe; ons het die piepklein groen pruiimpies skool toe gebring om alies mee te speel. Al drie van ons se gatte brand voor ons bed toe is.

Saans kry ek nagmerries oor benoudgeid van die Voetskroeiërs wat ons op TV gesien het. Hulle is gevaarlike rowers wat jou in die nag besteel en dan jou voetsole voor die kaggel tot blase verskroei sodat jy hulle nie kan agternasit nie. Deur die dag hol ons deur die tuin met pruimboomtakke aan die arms vasgemaak soos Knersus die vlermuis se vlerke. Die lewe se deuntjie karring aan. Juffrou De Wet sê ek slaap in die klas en ons moet nou voor die nuus in die bed wees. My pa neuk ons gatte oor die takke wat rondlê in die voortuin.

Die polisie het my langs die pad opgelaa en weer by die huis kom aflaa. Met my nagklere en inkleurkryte in my kussingsloop toegeknoop het ek weggehoop om Liewe Heksie en Blommie te gaan soek en haar te beskerm teen Geel Gifappeltjies.

Juffrou De Wet sê ek leef in 'n droomwêreld en ken Elvis se liedjies beter as my tafels. As niemand my sien nie sing ek al sy liedjies kliphard onder die holte van die pruimboom se takke wat laag oorhang.

Die bye takel my onder die pruimboom en ek hoef twee dae nie skool toe te gaan nie.

**Eendag wil ek ook
op die Maan gaan rondstap,
ek dink dis waar die
tannemuis woon.**

Juffrou De Wet het in die vakansie Kaap toe getrek. Ek huil elke aand om by haar te gaan kuier. My pa sê dis te ver en sy is weg in 'n vliegtuig en die kaartjie is duur. Ek spaar al my tannemuisgeld want eendag gaan ek vir haar kuier. Iemand het die lied afgeskakel.

My pa kom huis toe met 'n kitaar en speel die liedjies van Four Jacks and a Jill. Ons oes al die pruipe wat oor is op die pruimboom en lê op 'n komsers en kyk op na die sterre. Eendag wil ek ook op die Maan gaan rondstap, ek dink dis waar die tannemuis woon.

Party mense is maar net gebore met 'n jeukerigheid onder die voetsole. Ek het wel in die Kaap uitgekom want my ouers het ná baie rondswerf in die Wes-Kaap gaan vestig. Elvis se legende leef aan, maar my pa se vlam is lankal uit. Wanneer laas het ek 'n pruimboom in 'n tuin gesien? My eie kinnars het nog nooit eens één pruim vanuit 'n boom kon pluk en opeët nie.

Jare lank swerf ons gesin heen en weer oor Afrika se bodem. Die lewe speel 'n heel ander lied. Deesdae sluit hulle jou toe as jy jou kinnars neuk oor stoutigheid. Maar as jy dit nié doen nie, jaag hulle so aan dat die polieste hulle eendag toesluit. So dan eerder ek; ek streep my kroos sodra hulle karring vir 'n drag slae.

Vanmiddag kom my seun huis toe met 'n kitaar "soos Elvis sin" wat hy so oor die heup swaai. Hy speel syeie lied.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



DIS NOU 'N WARE VISSERMAN!

HOOPVOL

'n Ou Tannie van 80 jaar het die aand 'n hot date. Sy sit voor die spieël en sit lipstiffie aan.

Sy vat aan haar lippe en sê: "Julle moet vanaand gekus word."

Sy vat aan haar borste en sê: "Julle moet vanaand gestreel word."

Sy kyk af en sê: "En jy, ou Gryskat, jy moet vanaand 'n voël vang!"

NOODPROEP

Die blondine is aan boord van 'n tweesitplek vliegtuig toe die vlieënier skielik 'n hartaanval kry en net daar sterf.

Sy het geen benul wat om te doen nie en gryp die radio.

"Monday, Monday! Die vlieënier is dood!" gil sy.

Beheertoring ontvang haar noodoproep en antwoord:

"Bly kalm dame, ek sal presies vir jou sê wat om te doen om veilig te land. Eerstens, wat is jou hoogte en posisie?"

Blondine: "Ek is 1.7 meter lank en sit in die regterkantse sitplek!"

Beheertoring: "Herhaal agter my aan: Onse Vader... wat in die hemel is ..."

BY DIE MOTORHAWE

So 'n paar jaar gelede is ek by 'n motorhawe op Zeerust. Daar staan 'n vrou wat hul viertrek voertuig ingebring het. Hulle vertrek oor 'n week met vakansie en die motorwerktuigkundige moet die voertuig deurgaans om te sien of alles nog reg is.

Hy kom toe ná die ondersoek na haar toe en sê: "Mevroutjie, die vergasser kort bietjie aandag, maar dit behoort nie probleme te veroorsaak nie. Dié en dáárdie sal vervang moet word. Verstaan jy? Weet jy waarvan ek praat?"

Sy kyk hom so uit die hoogte aan en sê: "Ek is nie 'n pampoen nie - ek het nie 'n stingel nie!"

Omring jouself met mense wat probleme het. Sulke mense het altyd alkohol.

BOEMELAAR

Die vrou kla by haar buurvrou:

"Ek's nou so kwaad vir daai blerrie boemelaar!"

"Ja? Wat het hy weer gedoen?"

"Nee, gister gee ek hom mos 'n bord kos en vanoggend, bring hy vir my nogals 'n kookboek!"

ENKELVOUD

Die man loop in Italië by 'n kroeg in en bestel 'n marthinus.

"Jy bedoel seker 'n martini?"

"Nee, as ek 'n dubbel wil hê sou ek mos daarvoor gevra het."

MINDER GOED

Dis oukei om met jouself te praat. Dit gebeur met die beste mense. Dis selfs oukei om jouself te antwoord.

Maar wanneer jy jouself vra om te herhaal wat jy pas gesê het - dis nie meer oukei nie.

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



LAAT WAAI GERUS! Dis baie gesond om 'n wind te los

Sewe verrassende gesondheidsvoordele

Flatulensie, 'n wind laat of sommer pleinweg poep. Dit word nie mooier nie maak nie saak wat jy dit noem nie, maar dit **kan** 'n groot invloed op jou gesondheid hê.

Gas 101

Om 'n wind te los, is 'n absoluut natuurlike gesondheidsfunksie. Dis 'n normale en noodsaaklike deel van vertering. Gas is 'n natuurlike byproduk. Eintlik sal dit kommerwekkend wees as jy nie poep **nie**.

Voordeel #1: Dit verminder opblaassiekte

As jy opgeblase voel na 'n maaltyd, is onvrygestelde gas dalk die rede. Meeste mense beleef dit as liggaamswelling en tydelike aansit van gewig. Die oorsaak is gas wat wil ontsnap. As jy laat waai, sal jy dadelik beter voel.

Voordeel #2: Dis goed vir jou kolon

Dis ongesond om iets te lank binne te hou. Dis dalk soms 'n verleentheid wat jy wil voorkom, maar dit kan probleme met jou dikderm veroorsaak.

Voordeel #3: Dis 'n uitstekende waarskuwingstelsel

Poep is een van die liggaamsfunksies waaraan jy nie kan ontsnap nie. Jy mag soms vind dat jou gas 'n vroeë waarskuwing vir gesondheidskwessies is – 'n teken dat jy by 'n dokter moet uitkom. Baie stink reuke, toenemende winde en vreemde gaspyne kan die waarskuwing wees vir kondisies soos matige laktose intoleransie en iets ernstig soos kolonkanker.

Voordeel #4: Die reuk is goed vir jou

Ja, jy het reg gelees: deur reuk van 'n wind kan eintlik gesond wees. Ons praat van die reuk van vrot eiers. Dis toksies in groot dosisse, maar klein hoeveelhede kan selskade, beroertes en hartaanvalle voorkom.

Voordeel #5: Dit help jou dieet balanseer

Ons moet gebalanseerde eet en jou poepe kan aandui waarvan jy te min of te veel eet. As jy selde poep, kan dit beteken dat jy meer vesel soos boontjies, lensies en kool moet eet. Te veel rooi vleis kan later 'n baie onaangename reuk afgee wat beteken jy moet dalk minder vleis eet.

Voordeel #6: Dis 'n teken van gelukkige bakterieë

Goed, daar is 'n effense ongerieflike waarheid: Skraler, gesonder mense poep dikwels meer. Dis prys vir beter algehele gesondheid kan 'n effens stinker verteerstelsel wees. Dit is omdat die kosse wat tot beter vertering lei, soos blomkool, kool en spruitkool. Hierdie groen groentes skop jou bakterië in 'n hoër rat in en beter digestie lei weer tot meer gasse.

Voordeel #7: Dis 'n groot verligting

Wees eerlik: Daar is min lekkerder dinge as om te laat waai met 'n wind wat lank ingehou is. Jy mag dalk uitgang word, maar die verligting sal dit werd wees.

Die inhou van gasse maak jou grommig, ongemaklik en kortaf. Om van hulle ontslae te raak, sal jou bui aansienlik verbeter!

Deel gerus hier reguit en eerlike gesondheidsgid met jou vriende en familie!

Baie ou modes maak hul terugkeer. Ek kan nie wag vir die terugkeer van moraliteit, intelligensie en insig nie.

Die naakte vrou in die taxi

'n Vrou wat duidelik taamlik besope was het in New York in 'n taxi geklim en op die agterste sitplek gaan lê.

Die taxidrywer was 'n bejaarde

Joodse man en hy het met oopgerekte oë na die vrou gestaar en geen poging aangewend om die taxi aan die gang te sit nie.

"Wat's fout, Liefie? Het jy nog nooit 'n kaal vrou gesien nie?"

"Laat ek jou iets vertel, Dame," antwoord hy. "Ek het nie na jou gestaar soos jy dink nie, maar ek het gedink waar ek vandaan kom, loop mense nie só rond nie."

Die dronk vrou het gegiggel. "Liefie, as jy nie na my boude en my borste staar nie, wat doen jy dan?"

"Wel, ek kyk en ek kyk en ek wonder waar bêre jy die geld waarmee jy vir hierdie rit gaan betaal?"

Dis mos hoe 'n ware sakeman redeneer!



Hierdie definisie van 'n boer het in 'n inligtingsbrief van die navorsingsinstituut vir vrugtegnologie verskyn:

'n Boer is 'n man wat met niks begin, wat 'n verlies ly op alles wat hy plant maar aan die einde van die jaar gelyk breek. Niemand weet hoe hy dit doen nie - hyself weet nie eens nie.

Enigiemand wat sy boerdery van naderby sou bekyk, sou dink dat die slimste man ter wêreld dit nie sou kon bedryf sonder om honger te ly nie.

Dit sou korrek wees, want die slimste man sou honger ly, maar nie die boer nie. Sy vrou sal dit nie toelaat nie. Sy het een staatmaker-spyskaart: Sy sit voor wat sy het. In goeie jare 'n halfdosyn verskillende groentes met vleis, in maer jare sal sy soggens, middae en saans pap en sous voorsit.

Dis net 'n ware boer wat van 'n ysterhout se tak 'n bylsteel met sy knipmes kan maak en insit.

Hy het 'n dienlike stel tuie gemaak van 'n paar stukkies leer, 'n streepsak en binddraad. Hy plant mielies vir die tarentale dat sy vriende uit die dorp iets het om te skiet.

Hy is 'n aartsoptimis. Hy ploeg verlede jaar se teleurstellings toe as die reën in die lente kom.

Sy geloof is nie net in homself nie. Na 'n week van harde werk, ry hy 80 km kerk toe omdat hy in sy hart steeds glo in die ewige waarhede.

Enigiemand wat streef na die titel van boer, moet hom aan die volgende kriteria meet:

Hy doen dikwels 'n halwe dag se werk voor son-op.

Hy het die moed om met hoop te plant, met geloof na die wolke te kyk, en as hy misluk weer van vooraf te begin met groter hoop en sterker geloof.

Dit is 'n boer.

GETROUDE LEWE IN HOLLYWOOD

Twee akteurs het in Hollywood gesit en die probleme van 'n huwelik in Los Angeles-styl bespreek.

"Ja," het die een erken, "die lewe word bietjie ingewikkeld. Die ander dag kry ek 'n oproep van my vrou. Sy sê ek beter my huis toe haas: haar kinders en my kinders is besig om met ons kinders te baklei."



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Nel

Alle Nelle veral die wat nog nie aan ouers gekoppel is nie. Indien u my wil help, sal enige inligting met die grootste agting hanteer word. Inligting is gratis beskikbaar by: <https://www.myheritage.com/site-148888701/eknelas?lang=AF>

Groete, Andre Nel

Clarke

epos: chandredewet@gmail.com

Addisioneel: Stamboom op Genie - Soek via Chandré De Wet se accourt. My Ouma se Oupa was Jesse Clarke, maar omdat ons kleurling is, is daar baie gate in my inligting. Verskoon asseblief my Afrikaans want ek is Engelsprekend.


Putter

epos: helenaputter@gmail.com

Addisioneel: Inligting van Frederik Jacobus Putter geb. 1878 Barkly-Oos met Helena Susanna Jonker. Hul oudste seun Diederik Johannes Putter is geb. 22 Aug 1913 te Waterval distrik Rustenburg, ook Putters van plaas Otterfontein sal waardeer word

Nog vanne wat aangemeld is: Crous, Kühn, Beukes, Coertzer, Van Dam, Nel, Johnson, Visser en Van Wyk.

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.



Dis mos 'n goeie dokter! Sou hy iets oor sigare gesê het?

Die vreugdes van kerk toe gaan

Jy dink nog aan die duive en die vrederyk, dan stap jy saam met Mammie uit die kerk en sy vra:

"Dink jy nie daai Jordaan-vroutjie met die blou chfonrok drie rye voor ons kon 'n langer rok aangetrek het nie, siende dat sy 'n ma van vier is?"

Jy weet dis 'n strikvraag, so jy antwoord: "Nee, ek het haar nie gesien nie." Vraag twee: "Het jy gesien oom Koos het al weer voor die eerste gesang begin snork?"

Nee, dit het ek ook gemis.

"Maar jy het seker darem gesien hoe die vrou voor ons haar man se selfoon gegryp het toe hy so onderlangs sit en goël het?"

Nee, ook nie, Skattebol.

En dan sê sy: "Ek weet nie hoekom jy enigsins kerk toe gaan as jy nie oplet nie!"

(Met erkenning aan Blouwillem)

'n Suid-Afrikaner sukkel maar in Brittanje (2)

Dis 'n yslike leerkurwe vir 'n Suid-Afrikaner in Brittanje. As 'n ekspat is daar baie dinge wat ek nie kan verstaan nie, skryf KATY SCOTT in *The South African*.



16. Die liefde vir toustaan

Suid-Afrikaners haat dit, veral die soort toue by Binnelandse Sake. Maar die Britte geniet dit skynbaar – hulle wag geduldig op openbare vervoer, kos, alles.

17. Niemand skree op jou as jy indruk nie

Britte sal dalk mompel, hulle lippe saampers of hul koppe skud. In Suid-Afrika sal daar op jou geskel word – in enigen van die 11 tale.

18. Fooitjies

Ek het gou geleer om nie die kroegman 'n fooi te gee nie. Die eerste een met wie ek dit probeer het, het die munte teruggee. By restaurante is 'n fooi soms deel van die rekening. Dis nie die normale 10% soos in SA nie.

19. Die obsessie met tuinmaak en regmaak

Ek lig my hoed vir die Britte wat daarvan hou om in hul tuine te werk, maar ek sal nooit hul beheptheid met huisverbeteringe verstaan nie. Hulle bestee vakansiedae aan verbeterings, pleks van om te kuier en te braai.

20. Die Britse barbecue

Ek dink nie ek hoef meer te sê oor die barbecue se minderwaardigheid teenoor 'n braai nie.

21. Al die koskettings

Kyk, ek is bly dat ek Nandos en Steers ontdek het, maar ek mis 'n ouderwetse eetplekkie wat nie deel van 'n kettinggroep is nie. Hier moet 'n mens na klein plattelandse plekkies ry om een te vind.

22. En die koffiekettings

Ek sal wat gee om my Costa Coffee te ruil vir 'n egte cappuccino. Vir die prys van 'n waterige koffie kry ek tuis 'n bodemlose koppie heerlijkheid.

23. Effektiewe posdiens

Posstukke word letterlik oomag oor die breedte van die land afgelewer. Dit vat nie drie weke na die woonbuurt langs joune nie.

24. Goedkoop vlugte

Laekoste vlugte is volop en dis dikwels goedkoper om vir die naweek na 'n Europese stad te vlieg eerder as om in Londen te bly.

25. Britte en troeteldiere

Hulle is 'n nasie wat troeteldiere liefhet. Hulle bring hul honde kroeg toe en laat hul katte die rusbank oorneem en slaap selfs saam met hulle. Sommige mense sê hulle is liever vir troeteldiere as vir kinders.

26. Hulle is baie trots op 'suiwer Engels'

Ek word gereeld geterg oor my Suid-Afrikanismes en dit voel dikwels of hulle vir my lag oor my swak gebruik van *hulle* taal. Ek het opgehou om my 'trousers' as 'pants' te beskryf, maar ek praat steeds Suid-Afrikaanse Engels.

Net vir in geval

Die spietkop trek Gammat af vir spoed en gee hom 'n moerse klap.

"As ek jou weer sien jaag, sluit ek jou sommer op!" dreig hy.

Toe wend hy hom tot die passasier en deel nog 'n taai klap uit.

"Wassit nou? Ek is mossie die driver nie! Hoekom slat jy my?" vra die passasier.

Spietkop: "Dis net vir in geval julle wegry en jy sê 'hy moes daai met my getraai het'."

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Kanada
g'n plek
vir katte



“

Vlinder sal by 'n deur sit wat op 'n skrefie oop is totdat jy dit vir hom oopmaak, al is die venster oop.

Deur **LOURENS VAN NIEKERK**

Daar is baie slimmighede oor katte, en hulle is almal waar. Soos dat honde hulself deel van die gesin voel, terwyl katte die gesin as sy personeel sien. Of dat katte slimmer is omdat hulle nie 'n slee in die sneeu sal trek nie.

Katte en honde het, nes mense, verskillende geaardhede, veral katte. Maar alle katte het een ding gemeen: Hulle is manipuleerders by uitstek. En hulle hou soms daarvan om hul eie bediendes uit te soek.

Soos die geval met 'n vriend wat in die kerk gesit het toe 'n bloedjong swart katjie met 'n wit kraag op sy skoot kom sit. Hy het hom in sy jas se sak gesit en Tutu het 'n lang en gelukkige lewe by die gediensige gesin gehad.

So agtien maande gelede het hier op 'n dag 'n mooi, jong houtskoolgrys kat ingestap, van die personeel gehou en besluit om te bly. Sover ons kan vasstel, moet hy baie naby familie van 'n Russian Blue wees. Sy naam was sommer Kiets, maar toe word hy Vlinder.

Dis seker 'n vreemde naam vir 'n kat, behalwe as jy weet hy het skoenlappers gejaag en in die swembad beland.

Twéé keer.

Ons ken baie mense wie se katte vreemd optree. Soos die een wat altyd op die toilet se houtraam gaan sit om te doen wat katte in sand doen. Of die een wat sy water by die kombuiswasbak uit 'n kraan wil drink.

Vlinder sal by 'n deur sit wat op 'n skrefie oop is totdat jy dit vir hom oopmaak, al is die venster oop. En hy sal dikwels miaau al is daar pille in sy kosbak, totdat jy die pille in hul houer teruggooi en weer uitskink. Soms help dit as jy die pille net met jou vinger roer. Ander kateienaars het dieselfde ondervinding. Katte wil sien en voel hulle word bedien.

Hier staan 'n stukklende stoel wat lankal uitgegooi moes gewees het, maar dis Vlinder se gunstelingslaapplek . . .

Daar is al heelwat nagevors wat katte snags doen. Die kort antwoord is hulle loop rond. Navorsing toon hoe hulle heen en weer kruis en dwars oor 'n kleinerige area beweeg, maar hulle dwaal ook maklik van 500 m tot kilometers van hul huise.

Behalwe as hulle in 'n land soos Kanada woon. Kanada is geen Kanaän vir katte nie.

In Kanada, vertel 'n vriend, word katte nie buite hul eienaar se erf toegelaat nie. Dis 'n vreemde mensereël wat katte nie verstaan nie: Vir hulle is die wêreld gemaak vir verkenning. Maar as 'n buurman in 'n plek soos Calgary kla oor 'n kat op sy erf, mag die kat weggeneem en selfs van kant gemaak word.

Daar is baie ander wette en regulasies in Kanada wat goed klink, soos die verkeersreëls. Nadat jy jou leerlingrybewys gekry het, moet jy minstens 'n jaar wag vir die ware Jakob. Daama is jy nog twee jaar lank op probasie; begaan jy enige ernstige oortreding, begin die proses weer van voor af.

Skole en parke word duidelik aangedui en het spoedperke van 30 km/h. En moenie eers dink om oor 'n wit lyn of stopstraat te ry nie.

Baie Suid-Afrikaners sal met hierdie reëls saamstem. Maar dié wat van katte hou, sal maar mor.

KAMMANUUS EINDIG NIE HIER NIE!

As jy 'n PENSIOENARIS of 'n INTEKENAAR is, kan jy op hierdie skakel klik www.onsdorp.com/ekstra.html vir KAMMANUUS EKSTRA